## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

# LIEFDADIGHEID AAN VREEMDELINGE

Afrikanervrou en Moeder, Magaliesberg, Tvl., skryf:

As ek dink wat ons tydens die driejarige uitroeiing deur Engeland moes deurmaak, en dat genl. Smuts so gretig is om die Engelse kinders na Suid-Afrika te laat kom, sodat ons hulle moet kosgee, kan ek nie help om verbitter te wees nie. Hoekom sorg hy nie liewers vir die kinders van die soldate wat hy in die Noorde laat doodskiet het nie? Gedurende die Vryheidsoorlog het die Engelse ons huise verbrand, vee uitgeroei, die vrouens en kinders in die kampe met vitrioel vergewe. Na die vrede gesluit is, het Engeland en genl. Smuts vrede met ons kinders gehad. Nou is genl. Smuts te gretig om hulle kinders te help.

As hy dan so gretig is om te help, hoekom begin hy dan nie tuis nie? Hier is genoeg om te doen. Hy kan maar gaan kyk hoe lyk dit tussen Koster en Derby, by Waterval en Heuningkrans. Dit is 'n skande om eers vir die kinders van jou aartsvyand te sorg en jou eie bloed te laat vergaan van honger.

Die soldate sukkel vandag om huise te kry. Wat het dan van die huise geword waar hulle in gebly het voordat hulle aangesluit het? Het hulle dit miskien saam geneem en nie teruggebring nie? Of is hierdie huise vol van vreemde vlugtelinge uit Europa?

Nou dat die oorlog verby is, het genl. Smuts vrede met die soldate en dink hy nie meer aan sy mooi beloftes nie. Hy moet onthou, mens kan nooit sê: Fonteintjie ek sal nooit weer uit jou drink nie. — (Verkort.)

## Teen Rusland

Mnr. H. W. Kleyn, Stellenbosch, skryf:

Mnr. B. J. Stander, Pos Soutvlei, Tvl., skrywe dat hy meen Rusland is deur Duitsland gebreek. Wel, om die waarheid te sê kan ek my nie indink dat Rusland se mag gebreek kan wees nie, ek dink dat Rusland een van die sterkste vyande was en nog steeds bly. Ek wil net vir mnr. Stander vra: Wat weeg die swaarste, my godsdiens of my land? Wel weet ek dat ons geensins één van die twee uit die oog moet verloor nie. Maar wil u liefs u godsdiens vertrap en uitgedelg sien as u land? Daar is nie tyd vir ons om 'n vinger na die „Empire" te wys, as daar 'n stryd aangeknoop word teen Rusland nie. Gaan ons met die Verenigde State van Amerika en Engeland saamstaan en so teen die Bolsjewisme veg, of gaan ons verdeeld optree? Hoe swaar dit ookal sal wees, ons sal moet saamstaan, want ons godsdiens is en bly die erfenis van ons voorsate. Engeland het ons land en volk groot onreg aangedoen, maar ons kan nie daardeur ons heilige erfenis, nl. ons godsdiens, laat afneem nie. Ons sal saam met Engeland en die ander volke teen die Bolsjewisme moet veg. Laat ons God vra om genade om te vergewe. Dit is nie maklik om te vergewe en te vergeet nie, maar as ons nie vergewe nie kan Hy, die Almagtige God, ook nie ons sondes vergewe nie.

## Goeie Idee

Genl. Max Smuts, Franschhoek, skryf:

Dit was vir my opmerklik dat u in die afgelope tyd 'n groter poging aanwend om onder ons lesers se aandag te bring dat dit moreel hulle plig is om firma's wat in Die O.B. adverteer te ondersteun en ook wanneer ons by hulle instap te noem dat ons hulle advertensie in Die O.B. gesien het. Ek wil dan ook hierdie standpunt verwelkom en ondersteun. Ons moet besef dat persone wat by ons adverteer, waarde vir hulle geld verwag en op ons ondersteuning geregtig is. Ook moet ons besef dat enige blad tot 'n groot mate van sy advertensies afhanklik is.

Soos blyk uit getuigskrifte wat in Die O.B. gepubliseer is, is adverteerders baie tevrede met die resultate van die blad en sal seker verder adverteer.

In my omgewing soos in ander dele van die land vorm die lesers van Die O.B. 'n groot koopkrag en as hulle die firmas wat in Die O.B. adverteer ondersteun, sal hulle uitstekende resultate kry en sal ons blad voortbestaan.

Laat lesers van Die O.B. hulle blad dus aanhelp deur adverteerders te ondersteun. Onthou, ons is tienduisende wat Die O.B. lees en ons ondersteuning sal enige besigheid ver bring.

## Vrae en Antwoorde

Mnr. I. W. Olivier, Willowmore, skryf:

'n Maand nadat dr. Van Rensburg Willowmore besoek het, het mnr. G. P. Steyn (L.V.) dit goed gedink om met nog twee H.N.P.-advokate, by name adv. Conradie en adv. Strydom, na Willowmore af te jaag terwyl die Parlement nog aan die gang is, om 'n vergadering te belê (13 April 1946).

Adv. Conradie het eerste aan die woord gekom en die kleurvraagstuk, veral die Indiërkwessie, behandel. Adv. Strydom het toe al die gevare waarin ons volk verkeer, beklemtoon en almal opgeroep tot samewerking binne sy party, (Engels- sowel as Afrikaanssprekend) aangesien sy party die enigste redding vir ons volk is.

Met vraetyd het ek aan mnr. Strydom o.a. die volgende gevra:— Vraag: U erken dat die H.N.P. in die minderheid is?—Ja.

Vraag: U erken dat daar Nasionale elemente weggebreek het van die party omdat hulle nie meer heil daarin sien nie? —Ja.

Vraag: Dink u dan nie dat ons iets anders kan probeer om die Afrikaner-element bymekaar te bring nie?—Daar kan alleen werklike eenheid wees binne die Party.

Vraag: Maar het ons dan nie groter eenheid gehad binne die O.B., en nog groter eenheid binne die Eenheidskomitee sodat selfs dr. Malan dit genoem het 'n middel uit die hand van God om eenheid te bewaar nie? —Ja, voordat die O.B. begin oorlog maak het met die Party.

Toe het daar 'n hewige redenasie van hoedat die oorlog ontstaan het, plaasgevind. Mnr. Strydom moes toe later erken dat dr. Malan die oorlog verklaar het op Stellenbosch voordat daar 'n poging aangewend is om die Eenheidskomitee bymekaar te bring. **Verder het mnr. Strydom toe gesê dat as die O.B. die Republiek moet bring, wat dan vir die party oorbly.**

Vraag: Maar as die O.B. die Republiek gebring het, het ons dan nog soiets soos die party nodig?—Maar die party is dan die siel van die volk.

## Genl. Slegtkamp Kry Pantoffels Uit Tronk

MIDDELBURG, Tvl. — Die politieke gevangenes wat nog in die Sentrale Gevangenis te Pretoria is, het vir genl. H. F. Slegtkamp verras met 'n paar pragtige pantoffels wat deur hulself gemaak is in die tronk, as blyke van waardering vir al sy hulp en die gereelde toestuur van leesstof ens. terwyl hulle in die Empire se tronke gevange sit.

Die pantoffels is van netjiese, sagte, sterk oorleer vervaardig, uitgevoer met skaapvel. Genl. Slegtkamp is besonder in sy skik daarmee, en hy waardeer die geskenk ten seerste.

Vandag is die Boerewinkel, Oribi (Ko-op.) Bepk., hier geopen, onder blyke van belangstelling wat die stoutste verwagtinge oortref het. Mnr. Heystek, van die plaaslike Hoërskool, wat as voorsitter opgetree het, het die personeel aan die gehoor voorgestel, waarna mnr. Bill Bouwer, L.P.R., sy openingstoespraak gelewer het. Eerw. Bruwer het die sprekers bedank. Al die sprekers het gewys op die ontwaking van die Afrikanervolk op handelsgebied, en het die leuse „In onsself, deur onsself, vir onsself" beklemtoon.

Nieteenstaande kwaadwillige praatjies, maak Oribi Bepk. geen onderskeid op politieke gebied nie. Die Afrikaners is eensgesind op handelsgebied, omdat groot gevare hier dreig om los te bars. — (Korr.)

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## O.B. en Jeug Moet Nouer Saamwerk Sê Adjunk-K.G.

PRETORIA. — Die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het op 15 April 'n goed bygewoonde vergadering van offisiere (mans en dames) in een van die kommandantskappe van Pretoria-Moot toegespreek. Die doel van die vergadering was om offisiere in te lig betreffende die oogmerk van die nuwe indeling van offisiere in die verskillende kommando's.

Die spreker het o.a. die noodsaaklikheid beklemtoon vir mans- en vrouekommando's om saam te werk in elke opsig waarin samewerking die O.B. kan bevorder.

Die Generaal het ook daarop gewys dat dit ongelukkig in die verlede vry algemeen die geval was dat die groot O.B. veels te min aandag aan die Boerejeug gewy het. Ons het die huisgesin-idee van die Ossewabrandwag in hierdie opsig tot 'n te groot mate uit die oog verloor, het hy gesê. Hy het gepleit vir 'n verandering in hierdie houding en vir 'n baie nouer samewerking in die toekoms tussen die O.B. en die Boerejeug — die kern van die Ossewabrandwag van 'n tien, vyftien jaar verder. — (Korr.)

Gedurende die oorlog het een miljoen manne en vroue van verskillende leërmagte by Kaapstad aangedoen. 'n Verdere 548,000 burgerlike persone uit verskeie gebiede het ook gedurende die oorlog Kaapstad besoek. Die Unie moes vir al hierdie persone kos verskaf en die troepeskepe van voedsel voorsien.

## „Grondig"

**„Die tyd het aangebreek dat, as ons ons beeld mag wysig, ons parlementêre masjien, daardie onmisbare middel van volksregering, grondig nagesien moet word," skryf Die Burger in 'n hoofartikel na aanleiding van die pas aangenome Indiërwet.**

Die vernaamste beswaar teen genl. Smuts se optrede was dat hy van die wet 'n partymaatreël gemaak het. Genl. Smuts het egter net die partystelsel uitgevoer deur met sy partymeerderheid oor die opposisie te hardloop soos MET ELKE maatreël in die partypolitieke parlement daagliks gebeur, en nog altyd gebeur het.

**Die Ossewabrandwag veg juis vir die afskaffing van die partystelsel. Dit is die enigste metode om die volk weer seggenskap in sy Volksraad te gee — 'n Volksraad wat onder die Britse partystelsel verval het tot 'n parlement (wat beteken praathuis).**

**Sonder afskaffing van die partystelsel is geen GRONDIGE nasiening moontlik nie!**

**60 PARTYE**

**Volgens die Forum het sestig politieke partye in Italië kennis gegee dat hulle aan die verkiesing in Junie gaan deelneem. Voor Mussolini se bewindsaanvaarding was die Italiaanse volk in sewentien partye versnipper. Hierdie magteloosheid is dus ná sy „bevryding" byna verviervoudig.**


# Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

*Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na*

**£1,000,000**

* * *

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

*Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.*

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON
DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

*Skryf dadelik om prospektus aan:*
*DIE SEKRETARIS*

**Die Kopersbond Beperk**

POSBUS 8363 — JOHANNESBURG

# Dagblaaie Laak Optrede Teen Ossewabrandwag

**Die weiering van die Johannesburgse stadsraad om die stadsaal tot beskikking van die O.B. te stel nadat die saal reeds aan die Ossewabrandwag toegesê was, het reaksie uitgelok van feitlik al die dagblaaie in die land.**

**Die Transvaler** skryf dat die stadsraad nie die reg het om so 'n besluit te neem nie. „Nie alleen sal so 'n besluit die verkragting van die grondgedagtes van die demokrasie en die reg van vrye spraak beteken nie, maar mens sou graag wil weet waarvandaan die stadsraad die reg verkry om homself op te werp as arbiter tussen verskillende politieke groepe."

**Die Volksblad** verklaar dat die besluit van die stadsraad die beginsel van die demokrasie ten seerste raak. Die Indiërs en naturelle, verklaar die blad, het blykbaar die reg om net soveel vergaderings te hou as wat hulle wil, „maar laat 'n organisasie van Afrikaners hul reg opeis om in hul eie stad in hul eie stadsaal te vergader dan wil daardie demokratiese kamerade dit belet." Die blad voeg by dat alle Afrikaners in hierdie saak saam behoort te staan.


**Die Vaderland** skryf: „Ons wens dat ons die stadsraad se besluit om „anti-parlementêre groepe die gebruik van die stadsaal te ontsê, kon aanvaar as blyk van goeie Afrikanerskap. Daar is glad te veel dinge wat van oorsee af hier aangewaai kom om ons plaaslike aangeleenthede te vertroebel. Maar hierdie beswaar geld immers nie van die Ossewa-Brandwag wat sy steun trek uitsluitend van Suid-Afrikaners nie en wat aanleiding tot die bewuste besluit is."

Die Engelse dagblaaie van die Rand het hulle ondersteuning aan die besluit van die stadsraad toegesê. Die Rand Daily Mail skryf: „Johannesburg bly nog 'n demokratiese stad maar hy kan skaars geblameer word vir die standpunt wat hy inneem, nl. dat die Ossewabrandwag die reg om sy gasvryheid te geniet, verbeur het."

Die blad regverdig hierdie standpunt deur te sê dat die O.B. die oorlogspoging van die regering gedwarsboom het gedurende die oorlogsjare.

Die **Cape Times** is die enigste Engelse koerant wat sy stem teen die besluit van die stadsraad verhef het, en hy doen dit op ondubbelsinnige wyse. Die optrede van die stadsraad word bestempel as „willekeurig, outokraties en nie slegs ondemokraties nie, maar 'n positiewe gevaar vir ons demokratiese leefwyse." **„Die teorie van die demokrasie is dat die volk, nadat hy alle kante van die saak gehoor het, tot die regte gevolgtrekking sal geraak."** Niks is meer ondemokraties, verklaar die blad, as die toestand waarin individue besluit oor die reg of verkeerd van sekere leerstellings en die volk dan te verhinder om daarna te luister. „Waar moet die proses eindig?" vra die blad. „Indien die saal geweier kan word, moet 'n koerant wat soortgelyke skadelike menings uitspreek, dan nie ook onderdruk word nie? Indien 'n O.B. tot die parlement verkies word, moet hy dan nie verbied word om sy mond oop te maak nie? Indien die groep burokrate besluit dat die Arbeidersparty, die Kommuniste, die Verenigde Party of die Nasionale Party 'n gevaar vir die demokrasie is, moet hulle dan onderdruk word?"

„As die Ossewabrandwag wat die vergadering organiseer, belastingbetalers van Johannesburg is, het hulle die reg om die stadsaal te gebruik," aldus die Cape Times.




WAARDE VIR GELD

**● Die Ossewabrandwag staan vir 'n geplande ekonomiese huishouding met behoud van menslike vryheid. Hierdie vryheid word verseker deur seggenskap in die landsbestuur aan die georganiseerde nerings van die volk te gee.**

* * *

**● Die kommunisme staan vir staatsbeplanning deur die partydiktatuur sonder erkenning van die menslike vryheid. Hierdie diktatuur word verseker deur die kommunistiese geheime polisie.**

# Dapper Ier Wat Vir Boere Geveg Het

Onderstaande beskrywing van die optrede en teregstelling van 'n Ier wat ook saam met die Boere vir hul vryheid geveg het, het verskyn in die Irish Press van 6 Mei 1935. Hierdie Ier, John McBride, is saam met 36 ander man verhoor op aanklag van hoogverraad in 1916. Drie van die manne is skuldig bevind. Die ander twee se vonnis is versag tot lewenslange straf terwyl die doodvonnis op McBride voltrek is.

„Toe ons klein seuntjies op skool was, in die dae van die Boere-oorlog, het ons gewoonlik, tot die ergernis van ons respektabele bure knopies gedra van die manne wat prominent was in die verdediging van die klein Boere-Republiek. Oom Paul Kruger, Botha, Cronje, De Wet was onder ons helde; daar was ook twee Iere, Arthur Lynch en John McBride. Kolonel Lynch wat verlore was in filosofiese afgetrokkenheid, en vasgevang is in die Britse parlementêre masjien, het met verloop van tyd sy ou vyandigheid teen die Britse koloniale stelsel verloor, maar majoor McBride het onveranderd en onveranderbaar gebly.

John McBride was 'n man uit Westport wat sy vroegste jongelingsjare in Dublin deurgebring het, waar hy teleurgestel met die verdeeldheid wat daar gevolg het op die Parnell-skeuring, alle politieke metodes afgesweer het.

ONTMOET PRESIDENT

Met die uitbreek van die Boere-oorlog bevind hy hom in Transvaal waar hy 'n genaturaliseerde burger geword het en die Ierse Brigade georganiseer en gelei het. Sy dapper dienste is passend erken met die beeindiging van vyandighede toe hy pres. Kruger in Parys besoek het as afgevaardigde van die Transvaalse Ierse Komitee. Die vlag van die Ierse brigade met die spreuk:

‚Dit is beter om te veg en te verloor
As om glad nie te geveg het nie.'

is aan hom oorhandig, en die bejaarde President het hom meegedeel dat hy nooit sal vergeet hoe die Ierse Brigade by die manne van Transvaal in die tyd van nood gestaan het nie.

**Na die amnestie verleen is, is hy terug na Ierland en het hy gevind dat die vonke van die Boere se stryd vir onafhanklikheid aangegroei het tot 'n vlam van geesdrif wat as „ekstremisties" bestempel is.** Op anti-rekrutering-funksies was hy 'n bekende figuur, en toe die dag van opstand aanbreek, het hy by McDonach aangesluit.

15 JAAR TEVORE

Sy naam was nie tussen die ondertekenaars van die Proklamasie van Onafhanklikheid nie; ook het hy geen bevelvoerende rang onder die Vrywilligers beklee nie, maar die Engelse het hul man geken en nie hul vyand van 15 jaar gelede vergeet nie. So is John McBride uitgelei om te sterf.

Toe die soldate hom in die tronk se agterplaas uitlei, het hy as 'n laaste guns gevra dat sy hande nie geboei en dat hy nie geblinddoek moet word nie, waarna hy met 'n glimlag aan die priester gesê het: ‚U weet, Vader, ek het dikwels van tevore in hulle gewere vasgekyk'.

Soos 'n soldaat, fier en regop, het hy die peloton in die gesig gekyk."

Van hierdie held uit die Tweede Vryheidsoorlog is daar nog een seun in die lewe, naamlik Sean McBride. Hy praktiseer vandag as advokaat in Dublin.

# Amptenare Koester Min Hoop

**„In baie opsigte en in byna elke afdeling het die staatsdiens vandag sy breekpunt bereik. As daar nie in die nabye toekoms veranderings in die diens kom nie, sal dit vir die administrasie onmoontlik wees om behoorlik te funksioneer. Die breekpunt is te wyte aan die verlies van die bekwaamste amptenare weens bedanking uit die staatsdiens en omdat die rekrute in die hoog gespesialiseerde afdelings besonder gering in aantal is," het een van die afgevaardigdes na die Kongres van die Vereniging van Staatsamptenare in Kaapstad, in 'n onderhoud met Die O.B. verklaar.**

Die bedankings in die diens is te wyte aan die lae besoldiging wat die amptenare ontvang en omdat die vooruitsigte in die diens vir 'n jong man wat ambisie het glad nie rooskleurig is nie.

Die tendens van die afname in die getal manne en vroue wat hulle aan Universitêre inrigtings bekwaam en voorberei vir die tegniese dienste is veral sorgwekkend. Hy het verklaar dat dit opvallend is dat daar feitlik geen toeloop meer aan ons Universiteite in hierdie rigting is nie.

EKSAMEN MISLUK

**Die aanwerwing vir amptenare is uiters onbevredigend omdat die voorgeskrewe staatsdienseksamen nie aan sy doel beantwoord nie. Die eksamen wat afgeneem word, bepaal slegs die algemene kennis van die kandidate en algemene kennis is geen kwalifikasie vir dienspotensialiteit nie.** Die persoon met die beste algemene kennis is by verre weg nie altyd die beste werker nie. Die eksamens behoort toegespits te word op aspekte wat direk betrekking het op die behoeftes van die staatsdiens. Dit sal beteken dat daar voorafgaande opleiding aan kandidate verskaf moet word.

Met verwysing na die vertraagde verslag aangaande die ondersoek na die toestande in die staatsdiens het ons segsman die mening uitgespreek dat daar aangeneem kan word dat die aanbeveling in sekere opsigte ingrypend mag wees *maar dat dele daarvan deur die regering verwerp sal word.* Die Vereniging van Staatsamptenare het egter so veel moontlik klem gelê op die bestaande behoeftes toe die ondersoek 'n aanvang geneem het.

Die ontevredenheid onder die amptenare, die gevorderdes sowel as die minder gevestigdes in die staatsdiens, het 'n wye omvang aangeneem.

VERWAG NET TROOS

„Hierdie ontevredenheid onder die amptenare in die diens, is definitief geregverdig omdat werk van dieselfde aard buite die diens baie meer kanse bied en die besoldiging baie meer is", het 'n ander afgevaardigde verklaar. Gedurende die oorlog het die ontevredenheid toegeneem omdat die aantal amptenare in die diens verminder het, en die agterblywendes al die werk moes doen en langer diensure gehad het teen die geringe betaling.

Dit is opvallend dat daar in die afgelope jare 'n minder goeie tipe persoon na die staatsdiens getrek is. Gevalle van diensverwaarlosing kom meer dikwels voor. Die belangeloosheid moet toegeskryf word aan die gebrek aan beter diensvoorwaardes.

As die regering nie die verslag van die kommissie van ondersoek aanneem nie, sal daar baie van die amptenare bedank. Amptenare wat gretig uitsien na die nuwe aanbeveling vrees dat die verbeterings meer op 'n troos sal neerkom as 'n werklike verbetering soos dit in die geval van die polisie was.

**UNIE ROOF DUITSE SKEPE:** Die tussen-Geallieerde organisasie vir die herbetalings aan die Geallieerde lande het begin om hul buit uit te deel. Suid-Afrika sal ongeveer 11,000 ton ter waarde van £186,000 ontvang uit die Duitse vloot.

*Nou is u kans!!*

om die jongste
**Afrikaanse Klankrolprent**

*Pinkie se Erfenis*

wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:
MAANDAG, 6 MEI:
**REDELINGHUIS, VILLIERSDORP, RAWSONVILLE**
DINSDAG, 7 MEI:
**LEIPOLDVILLE, STANFORD, DE DOORNS**
WOENSDAG, 8 MEI:
**LAMBERTSBAAI, NAPIER, LAINGSBURG**
DONDERDAG, 9 MEI:
**CLANWILLIAM (en middag)**
**TOUWSRIVIER (en middag)**
**RIVERSDAL (en middag)**
VRYDAG, 10 MEI:
**CALVINIA, HEIDELBERG, SUTHERLAND**
SATERDAG, 11 MEI:
**LOERIESFONTEIN, FRASERSBURG**

*SCHOEMANELLO DRANK*

**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

| KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN,**
**BUS 142 ● OUDTSHOORN**

DIE O.B., WOENSDAG, 1 MEI 1946.

# Eers Selfstandigheid

Genl. Smuts het verlede week in Londen aangekom vir die Rykskonferensie waar die vraagstuk van hegter Rykseenheid en -verdediging die voorrangse sake op die agenda is. Uit Londen is reeds verklaar dat Suid-Afrika se militêre grense met die oog op die nuwe krygsontwikkelings uitgebrei het tot aan die Middellandse See. Suid-Afrika sal dus verpligtinge tot in Egipte moet aanvaar in geval van 'n stelsel van Ryksverdediging. **Ons is heeltemal te vinde vir die idee dat die nuwe ontwikkelings op oorlogsgebied dit noodsaaklik maak dat die Unie homself aan die Middellandse See sal moet begin verdedig. Daarom is ons by voorbeeld baie besorg oor die aansprake van Sowjet-Rusland in Noord-Afrika.**

Maar waar daar openlik erken word dat Brittanje hegter Rykseenheid soek ten einde sy postuur om die konferensietafels met die Grootmoondhede meer indrukwekkend te maak, is ons nie bereid om dergelike verpligtings te aanvaar — **in elk geval nie om die Britse Empire te handhaaf nie.** Suid-Afrika is al twee keer in nuttelose oorloë gedompel terwille van die Britse prestige en Britse imperialistiese belange. Hy het dit gedoen weens sy verbondenheid aan die Empire as gevolg van anneksasie en die inenting van Britse stelsels — al is die pyn hiervan later verdoof met allerlei formules oor vrywilligheid en gelykheid.

**Ons nasionale selfrespek eis dat Suid-Afrika 'n selfstandige Republiek word. Daarmee beoog hy nie om homself van die wêreld terug te trek nie — hy kan dit allermins doen wanneer die voorhoede van een van die sterkste en brutaalste moondhede die Nasionale Afrikanerdom reeds in sy eie stede tot regloses verklaar.**

## VRYE BONDGENOOTSKAP

Suid-Afrika sal as selfstandige staat sy gewig inwerp by enige bondgenootskap van Christelike volke **indien dit gaan om die handhawing van sy eie veiligheid wat saamgeweef is met die Westerse beskawing. En as ander lede van die Britse Ryk ook hul selfstandigheid opeis en dieselfde beleid volg, behoort dit al veel daartoe by te dra om Brittanje se oorlogsug te beperk tot motiewe wat meer heilsaam vir die res van die wêreld sal wees as wat sy handelsoorloë en stryd om Europese magsewewig in die verlede was.**

Waar die huidige Britse eerste minister Attlee kort gelede ten opsigte van Indië gesê het dat „as hy sou besluit vir onafhanklikheid, dan het hy volgens my mening die reg daartoe", reken ons is dit nou die tyd om dieselfde reg vir Suid-Afrika op te eis — nie om die Britse Ryksbande nouer aan te haal, soos genl. Smuts besig is om te doen nie. Eers dan kan ons saam met Engeland en ander Westerse moondhede aansit om te besluit wat verdedig moet word en hoe.

# GOUD VIR LONDEN — MYNTERING VIR ONS

Die pers van die hele kapitalistiese wêreld was die afgelope weke in beroering oor die ongekende goudrykdomme wat by Odendaalsrus ontdek is. Die Suid-Afrikaanse pers het beklemtoon dat hierdie gebeurtenisse groot ontwikkelingsmoontlikhede vir die Unie bied en dat dit die naam van Suid-Afrika na vore bring soos geen ander reklame dit kon gedoen het nie.

Hierdie feite is sekerlik waar, maar die belangrikste feit het skynbaar onopgemerk verbygegaan. **Dit was die berig dat ver die meerderheid van die aandele in die Vrystaatse goudvelde in die hande van Londense maatskappye is.** Suid-Afrika sal dus wel onregstreeks baat uit hierdie ontsaglike rykdomme in die vorm van nuwe nywerhede en werkverskaffing, **maar die eintlike bate van die vonds is bestemd vir spekulante oor see. Hulle sal met die goud heengaan en Suid-Afrika sal met die myntering sit.**

Die Ossewabrandwag se beleid op hierdie punt is reeds baie duidelik gestel: **die rykdomme onder die grond behoort aan die volk van Suid-Afrika en moet ontgin word in belang van die volk self — nie in belang van buitelandse geldskieters nie. Daarom staan hy vir nasionalisering van die hele mynbedryf.**

# Verkies Indiërs Bo Duitse Burgers

**'n Week nadat die Unie-regering politieke regte en verteenwoordiging aan die Indiërs verleen, en hulle daardeur tot 'n blywende deel van die landsbevolking verklaar het, het die regering 'n wetsontwerp by die parlement ingedien wat hom magtig om enige genaturaliseerde Duitser van sy burgerskap te ontneem en hom die land uit te sit. Dit geld ook vir Duitsers wat nog nie burgerskap ontvang het nie, en wat deur die oorlog verhinder was om dit te doen.**

**Gaan Suid-Afrika 'n witmansland bly?**

# Fascisme Of Kommunisme?

**(Deur Dr. J. A. WIID)**

**Daar is vandag min mense, veral in die Angel-Saksiese wêreld, wat nie glo nie dat die militêre vernietiging van Hitler se Duitsland en Mussolini se Italië ook die totale vernietiging van Nasionaal-Sosialisme en Fascisme is. Tot hierdie klein minderheid behoort waarskynlik die 75-jarige Joodse miljoenêr en raadgewer van vier Amerikaanse presidente, nl. Bernard Baruch. Vóór die Amerikaanse House Banking and Currency Committee het hierdie ervare en invloedryke ou Jood onlangs uiters insiggewende verklarings gemaak. Hoewel hy sy verklarings veral met die oog op Amerikaanse toestande gedoen het, is dit juis om hierdie rede so interessant. Dat Baruch as verteenwoordiger van die groot kapitaal en as gesaghebbende staatsman van die rykste, magtigste en mees „demokratiese" staat van die wêreld, die vernaamste oorwinnaarland van die Tweede Wêreldoorlog, 'n dergelike verklaring kan doen, spreek boekdele.**

## AMERIKAANSE SORGE

Baruch se verklaring gaan veral oor die kroniese stryd in Amerika tussen die voorstanders van vrye onderneming aan die een kant en die pleitbesorgers van geplande ekonomie aan die ander kant. In hierdie stryd wat sy einde nog nie bereik het nie, is die woordkramery van die politici, volgens Baruch, maar net goudstof wat in die oë van die volk gestrooi word en verwarrend werk. Behalwe die „ekonomiese towernaars" wat tydelike mag daardeur verkry, word niemand gebaat nie. As die Amerikaners hul koppe en hul sterk materiële kragte nie oordeelkundig gebruik nie dan loop hulle gevaar om nie alleen hul leierskap in die wêreld te verloor nie, maar ook om die „skip van demokrasie" in hierdie oseaan van verwarring te laat ondergaan. „Die hele Amerika", aldus Baruch, „hou die oog op Amerika en is verbaas oor die vertoning van 'n reus wat homself nie eers kan regruk om selfs in sy eie behoeftes te voorsien nie."

## WAT BARUCH AAN DIE HAND DOEN

Hoewel sy aanbevelings niks nuuts bevat nie, het Baruch, soos min Amerikaners hom dit kan nadoen, sy kritiek en voorstelle kragtig en helder gestel. Vir hom was dit 'n eerste noodsaaklikheid dat die produksie van die V.S.A. verhoog moet word. Dit is vir hom die Wet van die Profete, die hoeksteen waarop al sy ander aanbevelings rus. Voorts doen hy aan die hand dat daar opgehou moet word om die geldelike voorrade te vermeerder en die belastings te verminder totdat die begroting klop. Ook moet die volk nie om die tuin gelei word nie met die bewering dat loonsverhogings moontlik is sonder om die lewenskoste te laat styg; pryse of lone moet alleen verhoog word waar dit nodig is om produksie aan te moedig. Pryskontrole, onderworpe aan ondergeskikte veranderings, moet nog vir een jaar gehandhaaf word. Profyte is toelaatbaar maar nie profitering nie. Begunstiging van die een of ander besondere groep moet vermy word. Vir diegene tussen die meulstene — klerke, regeringswerknemers, pensionarisse, ens. — moet daar gesorg word. Die stigting en finansiëring van klein sake-ondernemings moet gestimuleer word. Geldleen moet oordeelkundig en nie blindweg geskied nie. Regeringsuitgawes, insluitende dié van die federale owerheid, staats-, distriks- en stadsregering moet verminder word. Alle werkstakings of uitsluitings („lockouts") moet vir 'n jaar lank uitgeskakel word. 'n „High Court of Commerce" moet in die lewe geroep word om oor bogenoemde sake te beslis. 'n Ekonomiese diktatuur in die vrye demokratiese Amerika immers moet vermy word. Aldus Bernard Baruch.

## 'N EKONOMIESE DIKTATUUR?

Baruch is blykbaar erg besorg oor die nywerheidskrisisse in Amerika met hulle epidemies van stakings en wrywings tussen werkgewers en werknemers. Vir hom is dit 'n dwaasheid om te verwag dat die staat meer moet uitbetaal, terwyl die belasbare profyte deur stakings en loonsverhogings al kleiner en kleiner gedruk word. „Wie gaan enige voordeel behaal?", so vra hy, „indien goedere nie vinniger geproduseer word nie as lone verhoog en geld gedruk word?"

# Nuwe Waggenl. Vir Gebied A.

Vanaf 13 tot 22 April is daar 'n geslaagde voorligtingslaertrek op die plaas Middagkrans van hf.genl. Max Smuts gehou. Die kamp was onder die bevel van genl. Moorees van Aarde. Die adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, het die kamp vir 'n paar dae bygewoon. Lesings is gehou deur genl. Smith, genle. dr. Erika Theron, genl. J. de Vos, en hoofkomdt. W. R. Laubscher.



**Genl. Eloff.**

Saterdagmiddag het die adjunk-K.G. by geleentheid van 'n skitterende parade genl. Dirk Eloff ingestel as waggeneraal vir Gebied A in die plek van genl. Van Aarde wat uitgetree het om bevelvoerende generaal te word oor gebied A9 (Malmesbury).

Die aftredende waggeneraal het met volle seremonie sy rangband aan sy opvolger oorhandig. Genl. Eloff, vroeër van Natal en tans woonagtig op Franschhoek, is oud-Grootraadslid en kleinseun van pres. Kruger en is ook onlangs gekies tot bestuurslid van die Bond van Oud-geïnterneerdes.

Gedurende die aand het genl. J. A. Smith 'n besielende rede gehou. Lede van die Boerejeug wat vanaf Bellville na Paarl gestap het, was die aand die gaste van die kampgangers.

# Buitelandse Oorsig

Tensy elke man meer produseer as wat hy ontvang, sal daar vir hom en vir al die ander minder wees. Elkeen sal meer geld maar minder goed ontvang. Baruch sien in die voortdurende nywerheidsontwrigting die moontlikheid van meer en meer staatsinmenging. Vir hom as kapitalis is staatsinmenging en die gevolglike byna algehele nasionalisering van Amerikaanse nywerhede iets uit die bose. So iets is vir hom 'n ekonomiese en sosiale omwenteling van groter omvang as wat op die oomblik besef word. In hierdie staatsbeheerde toestand van sake sal die gewone burger geen stem of seggenskap hê nie en die dag sal aanbreek, aldus Baruch, dat die Amerikaanse arbeiders dit net so veel as alle ander Amerikaners sal berou.

Ten einde hierdie „euwels" te vermy wat eintlik by die Fascistiese en Kommunistiese stelsels tuishoort, wil die demokratiese kapitalis Baruch „voorlopig" 'n soort van ekonomiese diktatuur handhaaf. Hierdie demokraat wil dus „voorlopig" van Fascistiese (of Kommunistiese) middels gebruik maak om Fascisme of Kommunisme te beveg. So moet die staat b.v. vir een jaar sy buitengewone mag wat hy gedurende die oorlog besit het, gebruik en geen prys- en loonsverhoging moet sonder sy goedkeuring toegelaat word nie. Ook moet daar geen arbeidstakings gedurende hierdie tyd wees nie. Hy wil die Amerikaanse arbeider dus 'n reg ontneem wat hy (die arbeider) nog altyd as een van sy belangrikste regte beskou het, nl. die reg om sy werk te staak. Dit is waar dat Baruch 'n „High Court of Commerce" wil instel, maar hoe word hierdie hof saamgestel en wat is sy presiese bevoegdhede?

## DIE GROOT DILEMMA

Nie alleen wil Baruch net soos Hitler, Mussolini en Lenin van diktatoriale middels en metodes gebruik maak om na-oorlogse wantoestande en wanverhoudings te verwyder nie, maar spreek hy die vrees uit dat indien daar nie volgens sy raadgewings gehandel word nie, „ons weldra ons in die moeras van verwarring sal bevind wat ons tot Fascisme of Kommunisme sal bring".

As iemand soos Bernard Baruch in die welvarende Amerika nie kans sien om met „demokratiese" middels wat die stempel van die Angel-Saksers dra, naoorlogse siektes te genees en die Fascistiese of Kommunistiese gevare af te weer nie, wat sal die posisie van die armoedige Europa en Asië wees wat so swaar deur die oorlog gely het? Sal dit Fascisme of Kommunisme wees?

# ONTEVREDE MET KOMMUNISTE

Die onderlinge stryd in die Italiaanse sosialistiese party om hulle onafhanklikheid van die kommuniste te herwin, het na vore gekom tydens die tweede byeenkoms van die sosialistiese kongres in Florence. Baie lede is nie bereid om met die kommuniste saam te werk nie, en eis dat daar 'n nuwe rigting ingeslaan word. Nadruk word gelê op die onafhanklikheid van die party en 'n selfstandige beleid. Daar is 'n beroep op die werkers gedoen om saam te staan en nie verdeeld te wees nie.

# Uit Die Week se Nuus

**VRA LOSLATING:** Die kongres van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie het besluit om 'n telegram aan die Eerste Minister te stuur waarin gevra word dat die politieke gevangenes spoedig vrygelaat moet word. Daar is nog 37 politieke gevangenes in die Sentrale Gevangenis, van wie twee minderjarig is.

**DOOIE PUNT IN HANDEL:** 'n Beampte van die Britse handelsraad het aangekondig dat die handel tussen Rusland en Brittanje doodgeloop het. Rusland het sy handel met Brittanje verbreek omdat daar nie ooreengekom kon word oor die terme waaronder Engeland 'n lening aan Rusland sou toestaan nie.

**TEEN VERRAAIERS:** Daar is 'n toenemende afkeer onder die Duitse volk teenoor hul landgenote wat saam met die vyand span. Uit Berlyn word berig dat die Geallieerde owerheid 80 Duitse burgers in hegtenis geneem het wat van plan was om sowat 400 verraaiers om die lewe te bring. Die persone wat in hegtenis geneem is, was voorheen almal offisiere in die Duitse leër en na beweer word lede van die Weerwolwe. 25,000 mense is in verband met hierdie poging ondervra.

**SAL GEWELD GEBRUIK:** Die leiers van die nuwe Verenigde Sosialistiese Party in Duitsland, wat bestaan uit die Sosiale Demokrate en die Kommuniste, het 'n waarskuwing uitgereik dat hulle „revolusionêre metodes" sal gebruik om die weerstand van die „reaksionêre" magte te breek wat gekant is teen die samesmelting van die partye en wat „afwyk van die demokrasie".

**LEIER VAN ARBEIDERS-PARTY:** Mnr. John Christie, L.V. vir Suid-Rand, sal in die toekoms optree as waarnemende parlementêre leier van die Arbeidersparty in die plek van mnr. W. R. Madeley wat bedank het as leier as gevolg van die krisis oor die Indiërwetgewing.

**FASCISME HERLEEF:** Italiaanse Fasciste het die stryd aangebind teen die moordenaars van Mussolini. Hulle strewe om die roem van die Duce in ere te herstel. Hulle het die lyk van die eertydse Italiaanse diktator wat in 'n geheime graf in die grafplaas van Milaan begrawe was, opgespoor en verwyder. In die manifes wat hulle uitgevaardig het, word verklaar dat hulle die „stryd aanbind teen die rooi parasiete in die naam van die Duce".
Groot betogings word deur die regering gevrees en die polisie is gewaarsku om op hulle hoede te wees.

**RYKSKONFERENSIE IN LONDEN:** Die konferensie van eerste ministers van die Britse Ryk het verlede week in Londen 'n aanvang geneem. Die bedoeling van die konferensie is om die Britse Ryk 'n sterk militêre eenheid te maak, en Engeland op hierdie manier krag te verleen in sy samesprekings met die Drie Grotes. Genl. Smuts woon die konferensie by.

**KORING VIR SUID-AFRIKA:** 10,000 van die 200,000 ton koring wat deur Brittanje op versoek van Amerika uit sy opgehoopte voorrade afgestaan is, sal onmiddellik na die Unie versend word, volgens die verklaring van die gesamentlike Voedselraad. Die res van die koring word na Unrra-hulpgebiede, Indië en die Britse besettingsgebied van Duitsland gestuur.

## Ge-interneerdes Stig Bond

Sowat 300 persone, van wie 156 oud-geïnterneerdes is, was verlede week aanwesig by die stigting van die Bond van Oudgeïnterneerdes. Die byeenkoms is gehou op die plaas van komdt. Andries van Coller naby Pretoria.

Die bond sal hom o.a. beywer vir addisionele hulpverlening aan die behoeftige gesinne van die 37 Afrikaners wat weens politieke redes nog in die Sentrale Gevangenis aangehou word. Byna £200 is vir hierdie doel deur die konferensiegangers gestort. Hulle het besluit om ten minste elke twee jaar 'n kamp vir die oud-geïnterneerdes en hul gesinne te hou.

Dr. J. F. J. van Rensburg het in private hoedanigheid die vergadering toegespreek en die aanwesiges bestempel as „'n historiese element in die volk wat geskiedenis maak". Om te keer dat hierdie element vervlugtig is 'n hegte organisasie nodig om die kameraadskap te bestendig en onderlinge steun aan mekaar te verleen.

Tot ampsdraers van die bond is gekies adv. J. F. Marais, voorsitter; mnr. Melt Toerien (Johannesburg), tesourier; adv. B. J. Vorster (Brakpan), sekretaris en die volgende as lede: mnre. O. L. Nel (Natal); J. Theron (Belfast); prof. H. G. Stoker (Potchefstroom); H. J. van der Bergh (Johannesburg); Dirk Eloff (Franschhoek); dr. H. J. Pienaar (Pretoria). Dr. Hans van Rensburg is eenparig gekies tot ere-president van die Bond.

## Staak Handel Met Indiers

'n Besluit om by lede aan te beveel om alle handel met Indië en Indiërs te staak is eenparig geneem deur 'n goed bygewoonde jaarvergadering van die Oos-Transvaalse Landbouvereniging wat onlangs op Ermelo gehou is.

Mnr. N. J. Davel, sekretaris van die Vereniging, deel mee dat die boere van die distrik van mening is dat, met die oog op Indië se besluit om handelsbetrekkings met die Unie te verbreek en die wyse waarop Indiërs in Suid-Afrika beswaar maak teen die Indiërwetsontwerp, „ons van ons kant ook die Indiërhandelaars in Transvaal die voet moet dwars sit."

## Twee Dorpe

Met die doel om 'n dorp uit te lê het twee afsonderlike maatskappye elk 'n stuk grond aan die strand tussen Glentana en Groot-Brakrivier gekoop, word uit George berig.

Die een het 220 morge en die ander 399 morge gekoop. Elke maatskappy lê elk sy eie dorp uit en dit word verstaan dat elk van plan is om een of twee groot hotelle van tussen £20,000 en £30,000 daar op te rig. Dit wil voorkom of hierdie twee maatskappye in wedywering wil optree.

In Junie kom een landmeter om een dorp uit te meet, en in Augustus die ander landmeter om die ander maatskappy se dorp uit te sny.

Wanneer alles in die haak is, word erwe aan die publiek aangebied.

**ONDERSTEUN ONS BLAD**

## Veiligheidsraad Nog Onveilig

Die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke het verlede week nogmaals harde bene gekou toe hy die voorstel van Pole om optrede teen die Franco-bewind in Spanje bespreek het. Die Britse en Amerikaanse afgevaardigdes het betoog dat hulle geen regstreekse bedreiging van die vrede sien in die Spaanse bewind nie. Die Russiese verteenwoordiger het Engeland in sterk taal verwyt en na heftige woordewisseling is 'n voorstel voorgelê waarin gevra word dat die raad sy morele afkeuring uitspreek oor die Franco-bewind en dat 'n kommissie van vyf lande aangestel word om die Spaanse toestand te bestudeer. Die voorstel was nog onder bespreking toe ons ter perse gegaan het.

In verband met die Persiese geskil het Rusland geëis dat die hele saak van die agenda geskrap moet word. Dit is egter geweier en die bespreking is uitgestel tot 6 Mei — die datum waarop Rusland belowe het om sy troepe terug te trek.

## Boerejeug Stap 65 Myl Ver

Tydens die opleidingskamp te Franschhoek voorverlede week het 'n klompie geesdriftige Boerejeug-seuns en -dogters van Bellville oor Stellenbosch na die Paarl en terug gestap — altesaam 'n afstand van ongeveer 65 myl. Op Stellenbosch het 'n agttal Boerejeuglede by die geselskap aangesluit. Hulle het die Saterdagaand 'n besoek aan die kamp gebring waar hulle hartlik verwelkom is o.a. deur die Adjunk-K.G. Hulle het die hele afstand weer te voet terug na Bellville afgelê, en het alle aanbiedinge van motoriste vriendelik van die hand gewys.

'n Volledige verslag van hierdie kordaatstuk sal in die Boerejeugblad verskyn.


Ons Gee Nog Steeds Leiding

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.

Voortrekkerweg. MAITLAND

Sien advertensie onder Doodberigte.

WEET U DAT „DIE O.B." 'N UITSTAANDE ADVERTENSIEMEDIUM IS?

DIE MOTORHANDEL BIED ONTSAGLIKE MOONTLIKHEDE

President Motors Bpk.

BIED AAN TEEN PARI:

(1) Vir veilige belegging met gewaarborgde diwidend: 5% AKKUMULATIEWE PREFERENTE AANDELE VAN £1-0-0 ELK.

(2) Vir moontlike kapitaal-appresiasie: GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK.

Sodra £100,000 volgeskryf is, sal die direksie applikasie maak vir kwotasie van beide soorte aandele op die beurs.

ONDERSKRYF DEUR NASIONALE UNITS BPK., JOHANNESBURG, VIR 40,000 GEWONE AANDELE

Takbesighede te Bloemhof en Schweizer-Reneke, Tvl.

Direksie: Phil. J. Botma, Ben J. Pienaar en D. F. du Toit.

Ouditeure: Ryk Nagel van Meyer Nel en Kie.

Skryf nou aan: DIE SEKRETARIS, Posbus 7638, Johannesburg.

ONS SAAK SKEP VERTROUE

KENNIS IS MAG

*Reik na geleerdheid en mag met minimum moeite en koste deur middel van die MODERNSTE en EENVOUDIGSTE tuisstudiekursusse van die*

LYCEUM KOLLEGE

Wil u 'n Wetsgeleerde word? Of 'n Bestuurder, Sekretaris, Rekenmeester, Joernalis, Naturelle-Administrateur, Snelskrywer(ster), Tikker(ster) of Gewone Sakeman?

BEVEILIG U BESTAAN DEUR GELEERDHEID

Begin vanwaar u die skool verlaat het. Ons lei ons studente op vanaf Std. VI.

(Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

Naam ..........................................

Adres ..........................................

Kwalifikasies (Standerd geslaag) ..........................................

Kursus waarin u belangstel ..........................................

(Std. VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Naturellewet en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

LYCEUM KOLLEGE — POSBUS 5482 — JOHANNESBURG


Die man wat die eerste nuwe karre lewer

FORD, MERCURY, LINCOLN, MONARCH, ALLE FORD VRAGMOTORS EN TREKKERS

Garages te: Robertson, Montagu, Ashton, Bonnievale, Laingsburg en Koebergweg, Brooklyn.

BESTEL DADELIK OM TELEURSTELLING TE VOORKOM.

ROELOU BARRY



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.**

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

## GEBOORTE

OOSTHUYSEN. — Aan Nollie en Stella (Steenkamp) ontvang van die goeie Gewer op 18 April 'n lief dogtertjie, Estelle, wat baie dankie sê aan dokter en verpleegster van Springbokhospitaal en aan haar ouma Hester.

VILJOEN.—Aan Komdt. en Komdte. Viljoen (Wolseley) 'n fris dogter op 18 April in Ceres-verpleeginrigting. Naas die goeie Gewer dank aan dokter en staf. Lank lewe die Ossewabrandwag!

## VERLOWING

BOTES—SMITH. — Verloof geraak op 20 April, Joy, dogter van mnr. en mev. F. Smith van Kloofnek, Kaapstad, en Jan, seun van mev. M. Prins en wyle mnr. J. Botes van Prins Albert.

## GRAFSTEEN-WERKE

**Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
**(Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.**

## PERSOONLIK

**BLY JONK.— GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreld wonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.**

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU," Bus 7559, JOHANNESBURG.

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. — Kom na ons vir deftige Jasse, Romax Snyerspakke, Trick Tweestuk-Rokke. Ook Troutabberds word gemaak na mate.

## BETREKKING VAKANT

BLANKE DIENSMEISIE gevra. Oor 25 jaar, vanaf 1 Junie, vir ligte huiswerk en hulp met 3-jarige seuntjie. Salaris £5. — Skryf en sluit getuigskrifte in aan: VAN ZYL, Tulleyallenweg, Rondebosch.

## BENODIG

DUIKERRAM (mak, indien moontlik) vir dieretuin. — Meld prys aan: L. v. d. BERG, Bus 133, Aliwal Noord.

'n JONG SEUN. Moet ywerig, gehoorsaam en betroubaar wees. Moet in besit van bestuurderslisensie wees om vragwa te bestuur. Betaling £5 per maand. Losies en inwoning vry. Moet ook behulpsaam wees op plaas. Baie dringend. Voorkeur aan O.B.-lid. — Skryf aan: H. LIVERSAGE, Pk. Entre Nous, oor Barberton.

DAMESKLERK dadelik benodig vir melkery, Claremont. — Skryf vir besonderhede aan: D. M., Posbus 1411, Kaapstad.

## ELEKTRIESE WAKE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 354.

## TE KOOP GEVRA

**BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.**

MODEL A FORD Afleweringswa of -motorkar. Meld prys en besonderhede aan: J. HAASBROEK, Kleindam, Vryburg.

## RUMATIEK.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

## TE KOOP

DAGOUD-KUIKENS. — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kuikens vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Leghorn-Australorpkruis. Almal gebroei van uitgesoekte henne met hoë eierproduksie. Prys 06 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broeiplek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjiene met ruimte vir 40,000 eiers. — H. R. MALAN, Weltevrede-Pluimveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

DAGOUD-KUIKENS. — Gesonde opreggeteelde Wit Leghorn-dagoudkuikens vir aflewering vanaf Junie teen £6 per 100 k.m.b. Broeitome van uitstekende bloedlyn is streng uitgesoek. Lewendige aflewering gewaarborg. — S. F. STIEMIE, Pk. Addo, K.P.

**GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. **Handelsnavrae verwelkom!** — KAROO SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME verseker tevredenheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpstuin. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDLELIEBOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

HONDE. — Wolfhondjies (Alzatian). Opreggeteel, ouers kwaai, getrou en baie waaksaam. — A. S. ZEEMAN, Goudmyn, Robertson.

HOENDERS.—„Rhode Island Reds". Die beste bloed in die land. Een van my henne het met die afgelope Johannesburg-wedstryd 'n Suid-Afrikaanse rekord geskep deur 323 eiers te lê. My hoenders is almal R.V.P. geteel. Teel vir gesondheid en stamina. Hane £2-10 tot £5-5 volgens teling. Kuikens £8 per 100. Kopers voorsien eie kiste. — MEV. T. A. SERFONTEIN, Reitzstraat 15, Potchefstroom.

KAFFERBONE. — „Dr. Saunders Regop" handgesorteerde saad. 100 lbs. 42/6, 200 lbs. 80/-. V.O.S. en K.M.B. Aflewering gedurende Mei. — O. L. NEL EN SEUN, „Middleton", Greytown, Natal.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprysе. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

PATATS. — Matige vers sesmaande Patats word u aangebied teen 15/- per sak K.M.B. — Skryf aan: S. P. GERBER, Ps. Serpentine, George.

**PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.**

**SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. — Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. FLORISBAD.**

**SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.**

**SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.**

TAFEL-AARTAPPELS. — Vars tafelaartappels, graad 1. Tevredenheid gewaarborg. 30/-. Okkerneut-grootte, uitstekend vir saad, 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

**TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.**

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.**

# Jode Is Demokrate En Persmanne Sê Engelse Redakteur

Die aantygings wat teen die Jode van tyd tot tyd in Engeland gemaak is, word in 'n anti-Joodse brosjure, „Twelve falsehoods about the Jews", deur die redakteur van The Vanguard behandel. Hy skryf: „Die Jode besit die pers! Dit is nie so nie. Maar die Jode beheer die pers, en dit is iets heeltemal anders. Die „Daily Herald" wat die Britse werker verteenwoordig, staan direk onder die Joodse invloed, want dit was die Jood, Julius Elias wat oornag lord Southwood geword het, wat die grootste beheer oor die blad het, en wie se Joodse geld die blad van ondergang in sy teenspoedige dae gered het. Hierdie Jood, lord Southwood, beheer en finansier talle van ander publikasies. Elke dagblad in Engeland en hul Skotse uitspruitsels is voorsien van Joodse verslaggewers, redakteurs ens."

**Die skrywer beweer verder dat geen blad in Engeland dit sal waag om teen die Jode te skryf nie, want die Jode is die grootste adverteerders in die blaaie en geen een van hierdie blaaie wil graag hul besigheid verloor nie.**

### SY GLIMLAG

„Die Jode is baie gemeen! Inteendeel, die Jode is baie vrygewig. Die Jode is baie begerig om geld te leen. As jy nie terug kan betaal nie is hulle bereid om meer te leen totdat hy jou vas het. Die glimlag van die Jood is sy bate — en ook joue, totdat jy vind dat jy jou laaste pennie verloor het".

„Die Jode besit die banke! O, nee: baie min Jode is bankdirekteure. Maar internasionale finansies beheer die banke, en die Jode is die mag in die internasionale finansies. Die skepper van geld is die internasionale Jode. In die eerste wêreldoorlog was dit die gebrek aan Joodse geld wat Amerika in die oorlog gesleep het en as teenprestasie vir die Joodse hulp het Amerika toegestem dat Palestina die nasionale tuiste vir die Jode kan word. In die afgelope oorlog was dit weer die Joodse geld wat . . . dit moontlik gemaak het dat daar £16 miljoen per dag aan verwoesting bestee is."

### SPORT

„Die Jode stel geen belang in sport nie! Wat is sport anders vir die Jood as om sy sak te vul? Weddenskappe, dobbel, honde- en perdewedrenne. Gee dit aan die Jood toe: hy weet hoe waardevol sport is!"

„Die Jode werk nie! Dit is waar dat die Jode nie lande ploeg, paaie versorg en nie op skeepswerwe werk nie, maar dit is verkeerd om te sê dat Jode nie werk nie. Hulle is die werkers van die wêreld, en hulle is verenig. Hulle besit die teaters, die bioskope en vermaaklikhede van alle soorte: hulle beheer die beste orkeste, hulle beheer die drama en komedie. Hulle besit of beheer die pelswinkels, klerasiewinkels, restaurante en ook die hotelbedryf. Ja hulle werk; maar hulle sal selde hulle hande vuil maak. Waarom sal hulle dit doen as ander die vuilwerk vir hulle doen?"

### DEMOKRATE

„Die Jode is nie Demokrate nie! Wat 'n leuen. **Die Jode is die grondlêers van die Demokrasie. Was dit nie 'n Jood wat die eerste groot omwenteling in belang van die demokratiese werker teweeggebring het nie: die Franse Revolusie? Was dit nie die Jode wat die Russiese landbouers bevry het van die hand van die Tsaar en hulle demokrate gemaak het nie?** Is die Arbeidsparty vandag in Engeland nie aan bewind as gevolg van die demokratiese werk van die Jode nie? Wie is dit wat die hardste skree: ‚Werkers van die wêreld VERENIG?' Is dit nie die Jode nie? Is dit nie die Jode wat buite alle verhouding met hul getalle in die land nie-Jode in die Britse demokratiese regering verdring nie? **Was dit nie omdat Jode die leiers in demokratiese Duitsland was dat Hitler in 1923 opgestaan en aan bewind gekom het in 1933 nie? Die Jode is demokrate! As jy van die Jode ontslae raak, raak jy ontslae van die Demokrasie, want sonder die Jode kan daar geen Demokrasie bestaan nie."**

# Ou Meester Gesels Oor Die Natuur

In die wêreld van uitvindings is dit die waarnemer van klein maar belangrike dinge wat 'n naam maak en dikwels onsterflike roem verwerf. Die geheim van sukses is om die regte waarde te heg aan die waarnemings wat gedoen word, om sodoende tot die juiste gevolgtrekkings te kom en die betekenis daarvan tot voordeel te ontleed.

In die geskiedenis van die wetenskap is daar talle van voorbeelde waar een of ander belangrike uitvindsel gemaak is bloot deurdat die soeker na meer kennis volhard het in sy werk en van die feite wat hy versamel het, gebruik gemaak het om 'n oplossing te vind. Dikwels speel die „toeval" ook 'n belangrike rol, en die geskiedenis is vol van merkwaardige uitvindsels van die grootste belang, wat heel toevallig ontdek is.

### RUBBER EN 'N DROOM

So is daar die verhaal van die ontdekking van gevulkaniseerde rubber deur Charles Goodyear in die jaar 1844. Dit word vertel dat 'n vriend van Goodyear, 'n sekere Nicholas Hayward, 'n droom gehad het oor die vervaardiging van gevulkaniseerde rubber en wel dat daar swawel bygevoeg moes word om dit hard en sterk te maak. Sover was sy droom wetenskaplik heeltemal mis, maar hy was waarskynlik gesteur in sy droom, want die proses was daarmee nog nie volledig nie. Goodyear het onverpoosd gewerk aan die probleem om rubber soos dit in die natuur gevind word te verwerk in 'n vorm waarin dit sterk en elasties sal wees. Reeds in sy verbeelding het die talle van gebruik van die produk opgedoem en na 4 jaar se verdere arbeid slaag hy daarin om sy uitvinding bekend te maak. Maar ook hier weer het die toeval sy rol gespeel. Hy het per ongeluk 'n bietjie natuurlike rubber, wat goed skoon gewas en met swawel gemeng was, op 'n warm stoof verspil en toe hy 'n ruk daarna die produk ondersoek, het hy tot sy verbasing gevulkaniseerde rubber gevind soos ons dit vandag ken. Met die teenswoordige skaarste aan motorbuitebande word die uitvinding van Goodyear ongetwyfeld des te meer waardeer.

### POTLOOD

Daar is ook talle uitvindings waarvan die name van die uitvinder of uitvinders nooit aan ons bekend sal wees nie. So is daar die potlood wat vandag 'n onmisbare artikel geword het by alle beskaafde volke. Hoe eenvoudig die potlood ook al nou vir ons voorkom, is dit tog nie moeilik om te begryp dat die vervaardiging daarvan nie sonder moeite geskied nie.

Die potloodnywerheid het sy oorsprong in Duitsland gehad, met Neurenberg as middelpunt van die industrie. Vir die vervaardiging van 'n potlood is daar behalwe die houtgedeelte ook nodig grafiet en 'n geskikte soort klei om die grafiet te bind. Grafiet, wat 'n ander vorm van koolstof is, word baie fyn gemaal, en nadat dit met die klei gemeng is word die mengsel onder water gemaal vir 'n week of twee. Nadat dit dan in die bekende vorm gedruk is, word dit in potloodlengtes gesny en gebak by 'n hoë temperatuur, d.i. in die buurt van 2000 gr. Fahrenheit.

Sederhout word hoofsaaklik gebruik vir die omhulsel van die lood, en nadat die lood in groefies tussen twee stukkies hout gelê is, word hulle aanmekaar vasgelym. Die hout word dan mooi reggesny en vernis, en is gereed vir die handel.

### DOUDRUPPELS

En nou een en ander oor ryp en dou. As ons in die môre opstaan en die grashalms sit oortrek met doudruppels, wonder mens hoe dit gebeur dat die plante soveel water afskei in die nag, en waarom dit dan nie bedags ook gebeur nie.

In werklikheid word die doudruppels nie deur die plante afgeskei nie maar kom die vog uit die lug. Warm lug kan meer waterdamp bevat as koue lug. As die lug dan snags afgekoel word, bereik dit 'n temperatuur waarby dit versadig is aan waterdamp en as dit verder verkoel word, skei druppels water uit. Aangesien die aarde kouer word snags koel dit die lug in die onmiddellike omgewing daarvan af en dou vorm dus altyd betreklik laag op die grond. Dit sal nooit in die vorm van reent neerkom nie, omdat die lug hoër op nie genoegsaam verkoel word nie.

As daar 'n wind waai word die koue lug naby die aarde gedurig gemeng met die warmer lug daarbo en gevolglik daal die lugtemperatuur nie voldoende dat dou gevorm kan word nie. Dis dan ook die rede waarom dit op 'n stil nag so skerp dou.

### RYP

As die lugtemperatuur genoegsaam daal om die doudruppels te verys, dan noem ons dit ryp. Die ryp is baie straf as die temperatuur so laag daal dat selfs die ys wat gevorm word verder afgekoel word. Gewoonlik ryp dit nie skerp as die grond baie nat is nie. Dis te begrype as dit besef word watter geweldige verkoeling daar moet plaasvind om water om te sit in ys. Die verskuilde of latente hitte in die water word nie maklik daaruit gehaal nie. Dit mag dus wees dat hoewel die lugtemperatuur onder vriespunt daal, dit nie lank genoeg daar bly om bevriesing van die groot hoeveelhede vog teenwoordig te bewerkstellig nie.

*VIR DIE VROU*

# VOEL U GASTE TUIS?

Die sosiale lewe stel sy eise aan elke huisvrou en sy sal op een of ander tyd gaste moet ontvang by haar huis: sy kan nie verwag om altyd net gasvryheid en vriendelikheid van ander te ontvang nie maar moet self ook gereed wees om te gee. Gasvryheid is inderdaad seker een van die mooiste kenmerke wat aan 'n huisvrou toegeskryf kan word.

Of die funksie nou groot of klein, formeel of informeel is, die sukses daarvan hang grootliks van die gasvrou af: dit maak nie saak of dit 'n oggendtee, dinee, toevallige besoek van 'n vreemdeling of 'n vakansiekuier van 'n familielid is nie. Die aard van 'n onthaal en hoe dikwels dit geskied hang af van die huislike omstandighede, lewenstandaard en finansiële vermoë; maar onthou baie geld is glad nie nodig om 'n ideale gasvrou te kan wees nie.

KUIERGAS

Gestel u verwag besoek van 'n familielid of vriendin vir 'n paar dae. U moet dan noukeurig aandag gee aan die slaapkamer waarin die gas sal gaan. Sorg vir genoeg pak- en hangplek. Of is u spaarkamerkaste so vol huislinne en winterklere dat die gas in haar handkoffers moet leef? Die kamer is natuurlik netjies aankant, die bed skoon oorgetrek, die beker en kraffie vol vars water en daar is seep en een of twee handdoeke. 'n Aantreklike blommerangskikking skep dadelik 'n vriendelike atmosfeer. 'n Bak vrugte met 'n bordjie en vrugtemessie is 'n mooi gedagte. Sorg verder vir leesstof waarin die persoon belangstel op die tafeltjie voor die bed: 'n paar goeie tydskrifte, 'n ligte roman, 'n bundel kortverhale. In die winter sal u sorg dat daar saans 'n warmwatersak in die bed is. En as u teen die aand se kant by die kamer kan inglip en die bed lekker regmaak, net vir inkruip, sal u gas somar heerlik slaap!

ONTUIS

Daar is min dinge wat 'n kuiergas so ontuis en ongemaklik laat voel as wanneer die gasvrou gedurig om haar trippel om iets vir haar te doen, of as die gas moet voel dat die huisvrou spesiale moeite doen om te sorg dat daar 'n nuwe soort koek of tert is elke maal as daar tee gedrink word. Of as die huisvrou kort-kort by haar kom sit en gesels en net so gou weer in die middel van 'n gesprek opspring en kombuis-toe hardloop. **Die normale gas sal op haar gelukkigste wees as sy voel dat die hele huishouding nie vir haar ontwil ontwrig word nie, maar dat die huisvrou haar beskou as een van die huisgenote.**

En onthou tog, enige normale mens wil partykeer bietjie alleen wees! Dis nie u plig as huisvrou om die hele dag by die gas te wees of een van die kinders te stuur om haar geselskap te hou as sy die slag in die kamer is nie.

FUNKSIE

Gestel egter u reël een of ander funksie by u huis. Om dit 'n sukses te maak moet u vooraf goed organiseer: sorg dat u genoeg hulp agter in die kombuis het as daar baie gaste is. As u 'n verantwoordelike persoon in die kombuis kan hê, sal u rustig en op u gemak met die gaste kan verkeer sonder vrees dat daar iets verkeerd sal gaan. Reël u sake so dat daar nie op die laaste oomblik nog werkies is wat u persoonlik aandag aan moet gee nie—dan kan u 'n tydjie voordat u die gaste verwag, kamer-toe gaan om 'n paar minute op u rug te lê om tot verhaal te kom na al die voorbereidings. Daarna kan u op u tyd mooi en smaakvol aantrek. Dan sal u fris voel en lyk as u die gaste verwelkom.

VRIENDELIK

Die ideale gasvrou is hartlik en vriendelik. Sy gesels vrolik met haar gaste en lyk werklik bly om elkeen daar te hê. Sy is ook rustig en natuurlik omdat sy weet alles is goed georganiseer en daar kan niks verkeerd gaan nie. Die suksesvolle gasvrou praat nie aanmekaar in 'n poging om haar gaste te vermaak nie (in ieder geval nooit oor huislike moeilikhede nie) — inteendeel, sy stel werklik belang in haar gaste en kry hulle self gou aan die praat deur ongemerk die gesprek te stuur in 'n rigting waarin hulle belangstel. Dan luister sy met aandag en is altyd gereed met die regte woordjie op die regte plek. Haar gaste is sommer baie gou tuis, want haar hele houding straal van gasvryheid en welwillendheid en sy weet hoe om die mees teruggetrokke mens gou uit sy dop te skud! Gedurende die loop van die funksie beweeg sy natuurlik tussen die gaste en probeer, so ver moontlik, met elkeen 'n paar woorde te wissel.

Ons Afrikaners is bekend vir ons gasvryheid, en ons moet streef daarna om dit altyd 'n kenmerk van ons volk te maak. Dis gewoonlik nie sodanig wát jy aan jou gaste voorsit nie, maar die gees waarin jy dit doen, wat onthou word.

**'n Vloedgolf van on-afrikaanse propaganda oorspoel ons vaderland. Belê in Perskor en help om die vloed te stuit! Skryf aan: Die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad.**

PROBEER DIT GERUS

**Chantilly Aartappels:**

3 k. gaar fyngemaakte aartappels, ½ k. room — styf geklop, ½ k. gerasperde kaas.

Sit aartappels in hoop in bakskottel. Meng room, kaas, bietjie sout en peper en gooi bo aartappels. Bak tot mooi bruin.

**Aartappel Soufflé:**

Dis 'n smaaklike aandskotteltjie en 'n lekker manier om oorskiet aartappels van middagete te gebruik. Die hoeveelheid eiers kan varieër van 2—4, afhangende van hul skaarsheid en u eie keuse. Dis heerlik as dit bedien word met skywe tamatie.

2 k. gaar fyngemaakte aartappels, 2—4 eiers, 1 k. gerasperde kaas, en 1 desertlepel botter, sout.

Meng aartappels, kaas en sout. Klits geel van eiers goed, meng met aartappelmengsel en klits goed deur op die stoof. Vou geklopte eierwit versigtig in. Gooi in bakskotteltjie waarvan boom gesmeer is. Bak in matige oond en bedien dadelik.


PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MOSSMARK (Posbus 7100) Newtown


# Praat van Tydbesparing



In Junie sal 'n nuwe soort wasmasjien in Amerika op die mark kom wat, om so te sê, homself hanteer. Al wat die huisvrou doen is om die wasgoed in die balie te sit en na dertig minute is dit skoon en droog. As sy skottelgoed wil was, ruil sy net die binnenste bak om, wat haar 90 sekonde neem, en pak haar koppies en borde binne 'n bak met draadrakke. Die masjien kom dan in aksie en na vyf minute is die werkie klaar. Hy maak homself droog.

Op die grond langs die wasmasjien op die foto staan die bak wat vir die skottelgoed gebruik word. Die masjien kos in Amerika £63, en is uitgevind deur Joseph Barton en Archibald Young.

## WENKE VIR DIE VROU

● Vee vetterige kastrolle eers uit met 'n stukkie koerantpapier voordat u dit was, anders maak dit die water, vadoek en u hande so vetterig.

* * *

● Motte hou nie van druk-kersink nie en u winterklere is dus goed versorg as u dit sorgvuldig in koerantpapier toesteek.

* * *

● 'n Kussinkie koerantpapier is ideaal om vensterglas blink te vryf nadat dit gewas is.

* * *

● Skil groente en vrugte op 'n stukkie koerantpapier — dan kan u dit daarna maklik toevou en weggooi sonder dat daar weer 'n bord vuilgemaak is.

## KOEDOESKOP IN £46

Die Brandwagte van Koedoeskop (F5a1) het hul offisiere onder leiding van kommandant J. J. C. du Toit het almal gewerk om van Vryheidsdag 'n sukses te maak. Die Brandwagte en ook besoekers wat goedgesind is, het die hand in die sak gesteek en die bedrag van £46 is by dié geleentheid ingesamel.

Dit was 'n genot om te sien hoe die Vryheidsvlam groot en klein wat daar was met groot geesdrif vervul het vir ons toekomstaak.

By dieselfde geleentheid is ook verslag gedoen deur genl. A. F. du Toit en komdt. J. J. C. du Toit van wat op die Offisierslaertrek te Bloemfontein behandel is. — (Korr.)

## AMPTENARE VLUG UIT STAATSDIENS

Die lae besoldiging in die staatsdiens het in dei afgelope drie jaar ten gevolge gehad dat 6,490 amptenare uit die staatsdiens bedank het. In die geval van die mans het die meeste van hulle meerbetalende betrekkings aanvaar. Die bedankings het elke jaar aansienlik toegeneem. In 1943 het daar 1,942 persone die diens verlaat, 2,195 persone in 1944 en gedurende 1945 'n totaal van 2,353 amptenare. Sedert Januarie van verlede jaar het daar 4,250 amptenare tot die diens toegetree. 529 van hierdie persone was oud-soldate maar 282 van hulle het weer uit die diens getree en ander betrekkings aanvaar.


EERSTE TYDSKRIF IN AFRIKAANS

WAPENSKOU

VERSKYN WEEKLIKS

REEDS TE KOOP BY SPOORWEG-BOEKSTALLE. VRA DAARVOOR OF TEKEN IN (12/6 PER JAAR) BY:

WAPENSKOU — PLEINSTR. — STELLENBOSCH



A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

*Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede*

Kom seker eers na

Steyns

DIE DAMES-WINKEL

PAROW

W. Voigt (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie

Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

Paarl Monumentale-Werke

(EIEN.) BPK.

Posbus 220 — Bredastraat

PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:

L. A. B. Bohlman – M. Bohlman

Gevestig 1898

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda Meubelhandelaars,

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Bestuurder: GUSTAV RETIEF


## BURGERSDORP

## AANDAG:

(1) Eeufeesviering op 22, 23 en 24 Mei 1946.


(2) Alle oud-Burgersdorpers en belangstellendes word vriendelik uitgenooi om die verrigtinge by te woon.

(3) Eeufees-gedenkboek! Bestel dadelik — oplaag klein. Prys 12/6 per eksemplaar. Aflewering voor die fees.

(4) Oudhede vir bruikleen en uitstalling gestuur te word aan J. H. Viljoen, Hoërskool, Burgersdorp, voor die einde van April.

(5) Vir program, medaljes en eeufeesseëls, asook losies, bestellings en alle besonderhede, skryf aan:
DIE SEKRETARIS,
Eeufeeskomitee,
Posbus 13 — Burgersdorp.

# HULLE WEET MEER



Onderwyl die kommunistiese leier Togliatti besig was om die massas in Milaan van die deugde van die bolsjewisme te vertel (kyk foto op voorblad) het 'n trein met 1200 Italiaanse krygsgevangenes uit Rusland die stasie binnegestoom. Die ondervindings wat hulle meegedeel het, het soos sterk anti-kommunistiese propaganda geklink. Hulle het iets van die bolsjewisme agter die „yster gordyn" gesien.

# SKOKKENDE BEHANDELING IN KAMPE VAN DUITSERS

**Onderwyl die Geallieerde pers en vervolgers by Neurenberg van verontwaardiging oorloop omdat die Duitse regering vyande van die staat in interneringskampe opgesluit het, kom dit aan die lig dat die Unie-regering Duitse geïnterneerdes nie net tydens die oorlog nie, maar selfs nou nog, 'n jaar na die wapenstilstand, so onmenslik behandel dat selfs die kerk hom nou geroepe ag om in te meng terwille van die eer van ons volk.**

**Nadat hierdie manne reeds ses jaar lank opgesluit was, word daar nou deur 'n kommissie ondersoek ingestel of hulle skuldig is aan wanbedrywe! Eers gestraf en dan verhoor!**

Die skandalige behandeling van die Duitsers in die interneringskamp naby Baviaanspoort is deur mnr. Henning Klopper, L.V., in 'n onderhoud met Die O.B. geopenbaar. Mnr. Klopper het die kamp onlangs besoek.

Die kerk voel besonder bekommerd oor die lot van tien Protestantse Evangeliedienaars wat al byna sewe jaar in die kamp sit, terwyl die Katolieke Evangeliedienaars reeds 'n tyd gelede uit die kamp gelaat is. „Mens kan maar net gis wat die rede hiervoor kan wees", het mnr. Klopper verklaar.

Mnr. Klopper het gesê, dat in weerwil van die regering se verklaring dat die lot van die geïnterneerde manne versag, en hulle vrygelaat sal word as daar geen klag teen hulle ingebring kan word nie, het die regering nog niks gedoen om te bewys dat hy van plan is om dit uit te voer nie. **Die meeste van hierdie persone is in die Unie of Suidwes gebore en was nog nooit buite die grense van die Unie nie.**

### HOOP OP DOOD

Daar is op die oomblik nog 1,596 Duitsers in die kamp. Aanklagte teen ongeveer 1,000 sal deur 'n kommissie ondersoek word. **Die meeste van hulle sit al meer as ses jaar in die kamp, en is reeds tot wanhoop gedryf. Onder hulle is daar 142 manne wat tussen die ouderdom van 60 en 75 jaar is. Hulle dink aan die dood as 'n verlossing.**

Geïnterneerdes het aan mnr. Klopper verklaar dat hulle soos honde behandel is. Om hulle die skrik op die lyf te ja, het die wagte dikwels sonder enige waarskuwing in hul rigting geskiet. In een geval is van die manne beseer deur glasskerwe wat deur 'n koeël veroorsaak is.

**Die kampowerheid het druk op die geïnterneerdes uitgeoefen dat hul die vorms moet onderteken om na Duitsland gerepatrieer te word. Die wat geweier het, moes daarvoor boet en hul name is in die kamp opgeplak. Hulle is feitlik voëlvry verklaar, het een ons segsman meegedeel.**

### NOU NOG

**Besoeke van 'n halfuur word slegs een keer per maand toegelaat. Dit geskied egter nie op die gewone manier nie. Tussen die besoeker en die geïnterneerdes is daar ogiesdraad en 'n wag stap gedurig heen en weer tussen hulle verby. Seuns bo tien jaar mag hul vaders nie besoek nie.**

In een geval wat genoem is, was 'n naasbestaande van een van die geïnterneerdes ernstig siek en daar is vir sy lewe gevrees. Toe die betrokke geïnterneerde aansoek doen om parool om net die persoon vir die laaste keer te gaan besoek, is dit aan hom geweier. **'n Week nadat die sieke dood en begrawe was, is hy op parool gelaat om na die graf te gaan kyk.**

### 80 JAAR

**Daar word geen genade betoon aan oues van dae nie. Mnr. Schenk het in die kamp 80 jaar oud geword. Toe moes hy losgelaat word omdat die wet dit vereis. Mnr. Harasem is 65 jaar oud en reeds 40 jaar in die land. Hy is half blind, maar hy moet in die kamp bly sit. Ander persone is kreupel en gebreklik. Ook hulle word nie vrygelaat nie.**

Nadat hierdie skokkende skandaal geopenbaar is, begin die regering nou om ou manne bo 65 jaar te laat loop.

# Brood Kan Verkoop Word op Funksies

**Daar heers verwarring onder die publiek oor die werklike toedrag van sake en die interpretasie van die regulasies betreffende die bak en verkoop van brood op 'n verkoping of basaar. Om hierdie verwarring onder die mense uit die weg te ruim, het ons by die betrokke departement die nodige inligting ingewin oor wat die werklike toedrag van sake is met die verkoop van brood op sodanige funksies. Dit is as volg:**

**Wanneer iemand wens om 'n basaar te hou, het hy die reg om op enige tyd van die dag brood te verkoop, al is dit ná vieruur in die middag. Die brood wat voor vieruur verkoop word, kan op die basaar geëet word, maar dié wat na vieruur verkoop word mag nie daar verbruik word nie.**

Toebroodjies mag ook op so 'n funksie verkoop word. Vóór vieruur mag die toebroodjies daar geëet word, maar as daar na vieruur toebroodjies verkoop word, mag dit nie daar geëet word nie.

Volgens die jongste regulasies mag geen soet gebak verkoop word nie.

Die verbod op die verkoop van brood op Woensdae het skynbaar ook nie betrekking op verkopings by openbare funksies nie.

# V.S.A. se Deure Staan Nie Oop vir Kommuniste:

## *Unie Egter Onbekommerd*

**Die Amerikaanse regering tref alle voorsorg teen die kommunistiese gevaar. Kort gelede is 'n bevel uitgevaardig wat belet dat 'n kommunis in die leër mag dien. Daar word ook ten strengste gewaak teen die invoering van mense met kommunistiese idees. Wanneer 'n persoon in die buiteland aansoek doen om na Amerika te gaan, al is dit maar net tydelik, moet hy 'n verklaring aflê dat hy nie 'n kommunis is nie.**

**Die O.B. het navraag gedoen by die betrokke gesag of daar 'n soortgelyke voorsorgmaatreël bestaan sover dit Suid-Afrika betref.**

**Dit is nie die geval nie. Selfs nie eens ten opsigte van persone wat aansoek doen om permanente verblyf in die land nie.**

**Al wat verwag word, is dat die voorgenome immigrant gegewens moet verstrek omtrent sy nasionaliteit, werk, hoeveelheid geld wat hy saambring, en of hy skuldig bevind was aan een of ander misdaad of gedeporteer was.**

**Terwyl 'n groot en oorwegend blanke land soos Amerika dit noodsaaklik vir sy veiligheid ag om kommuniste van binne sowel as van buite te weer, laat die Unie die waters maar oor die akkers loop.**

**Sover dit Duitsers betref is die Unie egter baie bedrywig. Onderwyl Amerika Duitse geleerdes invoer, is die Unie-regering besig om ondersoek te laat instel na hoeveel Duitsers hy die land kan uitsit.**

## *Eienaars Spyt Oor Opsies*

Na die buitengewoon ryk goudriwwe wat naby Odendaalsrus op die plaas van die familie Rheeder raakgeboor is, het die aandele sowel as die grondpryse in die omgewing die hoogte ingeskiet. Veral op die Londense beurs het dit aan histerie gegrens. Erwe wat voorheen as 'n las beskou was weens die belasting daarop het skielik in waarde gestyg tot soveel as £10,000 stuk. Baie eienaars het aanvanklik vir 'n paar duisend pond verkoop.

**Na berig word, het die eienaars van grond in die omgewing al spyt gekry dat hulle opsies op die plase gegee het wat tans ver buite verhouding tot die waarde van grond is.** Die burgemeester o.a. het na Johannesburg gegaan in 'n poging om die opsie van £20 per morg op die dorpsgrond herroep te kry.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

**Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.**

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

KENNIS

*VAN WÊRELDSAKE VEREIS DIE BESTUDERING VAN STAATKUNDE!*




*Skaf vir u aan:*

DIE MODERNE STAAT

deur

Prof. L. J. DU PLESSIS

2/6 posvry

—o—

Hierdie boek behandel o.a.. Die Herkoms van die Moderne Staat vanaf die Antieke Monargie tot die Moderne Demokrasie; Die Wese van die Moderne Staat, ens.

*'N NUWE ROMAN!*

EERS DIE KONINKRYK

deur

H. J. M. REDELINGHUYS

—o—

Die tema is die onversadigbare verlange na alles wat die lewe kan veraangenaam, sonder die kennis van wat ware blywende geluk kan bring.




*Nuwe Boeke:*

GOD SE VOORSIENIGHEID
deur Ds. I. D. KRUGER .................. 2/3 posvry

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT
deur Prof. G. CRONJÉ .................. 13/3 posvry

KAMPIOENE VAN DIE BOKSKRYT
deur TOPSY SMITH .................. 8/- posvry

ANNA
deur J. A. KOGH .................. 6/10 posvry

ANDRIES MERKEL
deur L. J. BOEROP .................. 9/4 posvry

LENTEPRET
deur MASSIE MULLER .................. 6/9 posvry

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29 STELLENBOSCH